Dié foto's dui aan die onwettiges wat ingevolge 'n uitsettingsbevel op sypaadjies 'uitgegooi' is, maar nou plak hulle verder. 'Hulle moet uit!' sê inwoners.

'Verwyder hulle vir goed!'

RUSTENBURG - 'Mooi so!' Dit is die reaksie van inwoners in die omgewing van Leydstraat waar dit met Von Wiellighstraat aansluit. Lank verwagte klopjagte op onwettige - veral Nigeriese immigrante, Zimbabweërs en Mosambiekers, prostitute en ander onwettige 'plakkers' - in veral Happy Days-woonstelle - is onlangs uitgevoer na 'n uitsettingsbevel.

Die polisie het sedert hulle onlangs toegeslaan het glo meer as 150 mense in hegtenis geneem.

'Die toestande hier is 'n jarelange wroeging vir ons en ons hoop nou, met die 2010 Fifa Wêreldsokkerbeker om die draai, dat die skoonmaak-proses tot sy uiterste konsekwensies deurgevoer gaan word en die onwettiges en hul gemors op die sypaadjies ook verwyder gaan word - tot waar ons vir goed van hulle ontslae sal wees.' Rustenburg Herout het reeds sedert 2005 oor hierdie toestande berig. Sommige inwoners het so woedend vir prostitusie en die gemors geraak dat hulle 'besoekers' aan die prostitute se motors met 'paintbomme' bestook het, 'sodat hul vrouens hulle kon vastrek - julle sal verbaas wees om te weet wie van die besoekers by dié hole is - vooraanstaandes!'

Inwoners het ook sedert vroeg in die 2000's by die stadstraad se departement van openbare veiligheid en sekuriteit oor dwelms, prostitusie en die gemors wat daarmee gepaard gaan gekla, maar alles op dowe ore geval, sê hulle. Dit is ook bekend dat hulle (die inwoners in daardie omgewing) deur die onwettiges gedreig word - selfs met die dood.

Daar word nou gehoop dat daar gereeld opvolg-optredes sal wees.

'Rustenburg is brandpunt vanweë die komende sokkerbekerreeks!'

News Watch

INTERNATIONAL NEWS

EGYPT - Authorities announce the discovery of a granite head from a statue of Tutankhamun's grandfather Amenhotep III, which was unearthed at a temple in Luxor.

EGYPT - Prosecutors investigate an incident where an Italian cruise liner smashed into a dock at Sharm el-Sheikh during severe weather conditions, killing sailors from Brazil, Honduras and India and injuring several passengers.

LIBYA - President Moammar Gadhafi declared a holy war on Switzerland.

FRANCE - A storm sweepings across Western Europe killed at least 50 people and left a million homes without electricity.

LITHUANIA - Almost 5 000 people protested in the town of Visaginas against a four-fold rise in electricity prices after a local Soviet-era nuclear power plant was shut down.

UAE - Travellers suspected of being Israeli will not be allowed into Dubai, even if they arrive with passports issued in other countries. This follows the assassination of Mahmoud al-Mabhouh, co-founder of the paramilitary wing of Hamas.

CHINA - Firecrackers kill 19 people and injure dozens during the Lantern Festival celebrations in Puning, Guangdong.

CHINA - More than 900 ships are stranded in a waterway in the Guangxi Zhuang autonomous region amid falling water level caused by severe drought.

JAPAN - A 7.0 magnitude earthquake struck off the southern coast of Ryukyu Island.

CHILE - At least 708 people are confirmed dead following an 8.8 magnitude earthquake near the city of Concepción that resulted in tsunamis in the Pacific Ocean, causing flooding in Japan.

UNITED STATES - An experiment in Minnesota's Soudan Mine reported the detection of weakly interacting massive particles, a form of cold dark matter, with masses of 7-11 billion electronvolts.

BRAZIL - At least 80 tonnes of dead fish was discovered and removed in a lagoon in Rio de Janeiro, likely due an algal bloom.

BRAZIL - Police investigate an incident where a newborn baby died while two doctors argued during the mother's labour in a hospital in Ivinhema.

ANTARCTICA - Two huge icebergs are drifting about 150km off eastern Antarctica, according to an Australian glaciologist. The one iceberg is 78km long and about 39km wide and holds roughly the equivalent of a fifth of the world's annual total water usage.

'n Bekende inwoner van Mooinooi, mev Elizabeth Susanna Liebenberg (Botha) is op 17 Februarie na 'n kort siekbed in die ouderdom van 72 jaar oorlede. Wyle mev Liebenberg se verassingsdiens het op 20 Februarie vanuit die krematorium by Noordwes Begrafnis en Verassingsdienste in Rustenburg plaasgevind. Die familie bedank alle geneeshere en mediese personeel wat mev Liebenberg tydens haar siekte en afsterwe versorg en behandel het asook predikante wat haar en die familie vertroos het. Mev Liebenberg word oorleef deur vier kinders, 'n skoonseun en twee skoondogters asook sewe kleinkinders.



Ryan Buckingham wat onlangs in Rustenburg oorlede is. Vriende en familie: Clarie Jordan, Justin, Eddie, Petro, Truida en broers en susters betreur die heengaan van 'n geliefde. Wyle Ryan se begrafnis was waargeneem deur priester Jordaan van die Ou Apostel-kerk.

Sprokieskasteel nie verkoop

RUSTENBURG - Groot belangstelling heers sedert onlangs onder die Rustenburg-publiek rondom die moontlike verkoop van Rustenburg se sprokieskasteel - die sogenaamde "Kasteel" of amptelik Ebenhaezer-kasteel wat op Saterdag, 19 Februarie, per openbare veiling verkoop sou word. Die veiling is onder meer ook in Rustenburg Herout geadverteer en na verwagting sou 'n groot hoeveelheid belangstellendes die veiling bywoon.

Daar is veral baie bespiegel oor die prys wat die sprokieskasteel sou haal. Rustenburgers het die bouwerk aan die kasteel vir die afgelope nagenoeg drie jaar fyn dopgehou. By navraag vandeesweek moes ons verneem dat Ebenhaezer-kasteel toe nooit verkoop is nie aangesien die reserweprys van R25 miljoen nie gehaal kon word nie. 'n Aanbod van R15 miljoen is egter vir die kasteel ontvang, maar is weens die reserweprys nie oorweeg nie. Die moontlikheid dat die kasteel dalk binnekort weer per veiling aangebied sal word, kan nie uitgesluit word nie hoewel sommige belangstellendes nog op kwotasies en ander verwante besonderhede wag, het mnr Steve Reynders van North West Auctioneers aan Rustenburg Herout gesê. Mnr Reynders wou nie die aap uit die mou laat oor wie die aanbod van R15 miljoen vir die eiendom gemaak het nie. Rustenburg Herout het egter sedert vroeg vandeesweek verskeie oproepe ontvang waarin die bewering gemaak is dat die Royal Bafokengstam moontlik die aanbod gemaak het. Dié gerugte kon egter nie voor ons ter perse gaan bevestig word nie.

Dit is ook nie bekend wat die korttermyn-toekoms van die kasteel sedertdien inhou nie. Die "Kasteel" is die geesteskind en eiendom van me Ronel Basson van Rustenburg. Rustenburg Herout kon egter ook nie daarin slaag om mev Basson vir kommentaar te bereik nie.

Rustenburg Herald
continues to be the country's best-selling community newspaper. Grow with us and explore new horizons!

ETDP SETA ACCREDITED
Training of
➢ Assessors
➢ Moderators
From 8 March 2010 to 12 March 2010.
Contact Dorothy on 014 597 0866 or Pregy on 083 626 7512

PARATUS GUN ACADEMY CC.
"Renew Urgently" Before 11 April 2010
For Renewal of Firearm Licence, Training and Assessment
Theo Meyer 082 698 4568
Accredited Training Provider: SASSETA - 051941000546
Accredited Training Provider: SAPS 4000247
Instructor: Theo Meyer No. I3288
Assessor: T.F.W. Meyer - 19A09110504
SPAR CENTRE, KROONDAL
Tel. 014 - 536 3611
Fax: 014 - 536 3744 e-mail: theo.meyer@webintact.net

Cnr. Diamond & Emerald St CARLETONVILLE www.edura.co.za
EDURA
TEL: 018-788-6697 FAX: 018-787-2768 018 787 2267 / 079 140 4020 Email: edura@mweb.co.za
TOWELS!!!TOWELS!!!TOWELS!!!
BATH TOWELS - R19.99ea
BATH SHEETS - R29.99ea
"BIG RANGE OF COLOURS"
FACE CLOTHS - R19.99 per pack of 10
STRIPED BATH TOWELS - R14.99ea
OUR NEW RANGE OF LUXURY 520GSM
CARLETON
"SUPERIOR THIRSTY TOWEL"
Matching - Guest Towels, Hand Towels, Bath Towels, Bath Sheets, Extra length Bath Sheet (1m x 1.8m)
22 Colours!!! Great Value!!!
We Remain SA's Discount Towel MEGASTORE!!!